TROTS | RESPEK | DISSIPLINE | BULLE

# HOËRSKOOL PORTERVILLE

9 FEBRUARIE 2024 | WEEKBRIEF 04/24


tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com | Hoërskool Porterville | hsp_bulle

## HSP = INTERSKOLE ATLETIEK WENNERS!

Woensdag se Interskole Atletiekbyeenkoms was een vir die boeke! Hoërskool Porterville eindig 1ste tussen die vier deelnemende skole! Baie geluk aan elkeen wat met ywer en trots deelgeneem het om te sorg dat ons die atletiekbeker wen! Baie geluk ook aan die betrokke afrigters.






## LUAN LAAT REKORDS SPAT

Tydens die Interhuis Swemgala wat op 31 Januarie 2024 plaasgevind het, het Luan Basson 'n rekordgetal rekords gebreek!



## INTERHUIS SWEMGALA 2024 BEKER WENNERS

| OUDERDOM | LEERDER |
|---|---|
| Do/07 | Lea-Beth Kriel |
| So/07 | Marnu Kriel |
| Do/08 | Helene Lambrechts |
| So/08 | Nicolas Gertsner |
| Do/09 | Kiehandra Hendricks & Mikayla Jordaan |
| So/09 | Rolan Wium |
| Do/10 | Juliette Myburgh |
| So/10 | Hanré Kriel |
| Do/11 | Beulah Steenkamp |
| So/11 | Eduan Kriel |
| Do/12 | Elizabeth Jordaan |
| So/12 | Fillip Kleynhaus |
| Do/13 | Mieke Kriel |
| So/13 | Rijk Kellerman |
| Do/14 | Christi Kotze |
| So/14 | Jean-Jacques Pienaar & Callie Steenkamp |
| Do/16 | Megan Benn |
| So/16 | Jozua Jordaan |
| Do/19 | Corli Malherbe |
| So/19 | Luan Basson |




## DANKBAARHEID

Die kleinskooltjie se fokus vir die kwartaal is ***DANKBAARHEID***. Die gesegde van Simone Trollip lui "Dankbaarheid is soos water en sonlig dit laat seëninge groei". Hoe gepas is dit nie by hierdie tema!













Dankie











**WêRELD HARDOPLEES-DAG**

Op 1 Februarie 2024 het die kleinskooltjie Wêreld Hardoplees-dag gevier. Lees is altyd 'n fees en die kleinspan geniet die hardop lees baie!












# GELEENTHEDE









# SPORTKAFEE

Baie dankie aan Eulize Coetzee en haar span, tesame met die Bullebond, wat die sportkafee opgegradeer het. Die skool kon nie hierdie projek alleen befonds nie en daarom is dit verblydend dat soveel mense en besighede van buite gehelp het om hierdie droom te laat realiseer. Dankie ook aan Evert en sy span wat baie tyd en vernuf ingesit het om die projek 'n sukses te maak. Kom loer gerus in by HSP se sportdae!



**BAIE DANKIE**

Baie dankie aan **The Local Choice Pharmacy** vir die Handsaniteringshouers wat geskenk is vir die sportkafee.











# BELANGRIK

## AANSOEK OM KWYTSKELDING/GEDEELTELIKE KWYTSKELDING VAN SKOOLFONDS

Gedurende die 2023 finansiële jaar het die skool ongeveer R2.2 miljoen van skoolfonds aan kwytskeldings verloor. Lede van die beheerliggaam is besig om vanjaar se aansoeke te verwerk en die volgende het onder ons aandag gekom:

- <u>**80% VAN DIE AANSOEKE IS ONVOLLEDIG**</u>

**Ouers is verantwoordelik om die volle paaiement skoolfonds te betaal totdat u aansoek volledig ingedien is.**

- <u>**VALSE VERKLARINGS TEN OPSIGTE VAN WERKLOOSHEID EN INKOMSTES**</u>

**Daar word ondersoek ingestel tot hierdie gevalle. Geregtelike stappe sal geneem word indien persone hulself hieraan skuldig maak.**

*Ons gee ouers wat aansoek gedoen het die geleentheid om hul aansoeke te onttrek indien hul regstellings sou wou maak.*




# BELANGRIK

## GEE-MY-KRAG LOOTJIEPROJEK

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat bygedra het tot ons Gee-my-Krag-Lootjieprojek van 2023. Die beraamde koste van die projek is ongeveer R1miljoen. Die eerste fase van die projek was om te poog om die deposito van R450 000 in te samel. Ons het R240 000 ingesamel en pryse ter waarde van R60 000 is uitbetaal. Alhoewel ons nie ons mikpunt bereik het nie, is ons dankbaar vir die R180 000 wins wat ons op 'n latere stadium tot dié projek kan aanwend.






## KENNISGEWING

Leerders het Donderdag, 8 Februarie 2024 "Compu-IQ" kennisgewings gekry. Dit moet asseblief teen Woensdag, 14 Februarie 2024 Ingegee wees by die registeropvoeder.

**LAG 'N SLAG**




## BAIE DANKIE

Baie dankie aan die volgende ouers vir die skenking van vrugte tydens ons sportbyeenkomste:

Chris Immelman
Jacques Daniëls
Abraham Hector
Abri Nortjé
Ian Prins



# WEEKPROGRAM

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vrydag, | 9 Februarie | - | |
| Saterdag, | 10 Februarie | - | HS PLATTELAND ATLETIEK (T) |
| Maandag, | 12 Februarie | - | HS- EN JUNIOR TOP 10 NETBALPROEWE |
| Dinsdag, | 13 Februarie | - | LS TENNIS CITRUSDAL (W) |
| | | | O/15 KRIEKET VS PORTERVILLE PRIMêR (T) |
| | | | HS- EN JUNIOR TOP 10 NETBALPROEWE |
| Woensdag, | 14 Februarie | - | HS VALENTYNSBAL |
| | | | LS KAPERJOL |
| Donderdag, | 15 Februarie | - | O/19 KRIEKET VS DIRKIE UYS (T) |
| | | | O/15 KRIEKET VS DIRKIE UYS (W) |
| Vrydag, | 16 Februarie | - | GF WATERSPELE |
| Saterdag, | 17 Februarie | - | HS WES-BOLAND ATLETIEK (MOORREESBURG) |
| | | | LS WES-BOLAND ATLETIEK (VELDDRIF) |
| | | | O/19 KRIEKET VS VREDENDAL (W) |

Mnr. J.J. Louw
SKOOLHOOF


Life
is not measured by
the number of breaths we take
but by the moments that
take our breath away.
webneel.com

# Garage Sale

SUPER SALE

**everything must go up to 50% off**

SUPER SALE

clothing, evening dresses, baby clothes, DVD's, CD's, frames, books, shoes, cutlery, crockery and more

PORTERVILLE TENTOONSTELLING

**Saturday 17 February**

**Porterville Skougronde, Park Street**

**8 - 2pm**

Cash & card accepted



**Boerewors rolls on sale to raise funds for Porterville's Recreational Facility**

recreational facility
growing happy kids